



POLICY 010/2017 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: INSPEKSIE VAN VOORUITBETAAL ELEKTRIESE ENERGIE METERS

REFERENCE/VERWYSING: 16.2.5.B

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: 13.6/04/2017 **DATE/DATUM:** 25 April 2017

BELEIDSFILOSOFIE: Om die verlies van elektriese energie en inkomste as gevolg van diefstal en peutering aan elektriese energiemeters met billike prosedures te reguleer.

PROSEDURES VIR DIE INSPEKSIE VAN ELEKTRIESE ENERGIEMETERS EN DIE HANTERING VAN PEUTERING- OF DIEFSTALGEVALLE.

1. Die volgende stappe moet geneem word as daar tydens meterinspeksie gevind word:

1.1 **Dat Die Meter Se Seël Gebreek Is:**

1.1.1 Inspekteer die meter deeglik vir enige vorm van skade of peutering

1.1.1.1 As geen skade bepaal kan word nie, toets om te bepaal of meter korrek funksioneer. (Toets kalibrasie en werking.) As metertoets slaag, word meter nie vervang nie. Seël meter en stel inwoner in kennis dat koste gehef sal word as seël weer gebreek word.

1.1.1.2 As meter uitgebrug is: Verwyder brugstukke, seël meter, skakel toevoer na huis af en doen verslag. Stuur heffingsadvies vir installering van nuwe splitmeter, eenhede/maande en aanwendingsheffing, soos tariefbundel bepaal. Waar daar nog 'n konvensionele meter in die straat in werking is, word die verbruik op die vooruitbetaal meter en die verbruik op die konvensionele meter terugwerkend vergelyk en word die verskil tussen die verbruike teen huidige tariewe gehef. Waar nie 'n konvensionele meter beskikbaar is nie en die inwoner klein bedrae per maand gekoop het om die stelsel te omseil, moet die inligting uit die stelsel onttrek word en aan die Elektro-Meganiese Dienste Komitee voorgelê word vir beslissing oor watter bedrag vir die energie gehef moet word.

1.1.1.3 As brandmerke of ander fisiese skade gevind word: Seël meter, skakel toevoer na huis af en rapporteer. Stuur heffingsadvies vir installering van nuwe splitmeter, eenhede/maande en aanwendingsheffing, soos tariefbundel bepaal. Waar daar nog 'n konvensionele meter in die straat in werking is, word die verbruik op die vooruitbetaal meter en die verbruik op die konvensionele meter terugwerkend vergelyk en word die verskil tussen die verbruike teen huidige tariewe gehef. Waar nie 'n konvensionele meter beskikbaar is nie en die inwoner klein bedrae per maand gekoop het om die

stelsel te omseil, moet die inligting uit die stelsel onttrek word en aan die Elektro-Meganiese Dienste Komitee voorgelê word vir beslissing oor watter bedrag vir die energie gehef moet word.

1.2 DAT DIE METER GESEËL IS, MAAR 'N MINUSLESING HET

1.2.1 As die bewoner self die probleem rapporteer en geen fisiese skade is sigbaar nie:

1.2.1.1 Lesing kleiner as -50: Raad vervang meter. Geen verdere stappe.

1.2.1.2 Lesing tussen -50 en -500 by opsporing: Raad vervang meter. Stuur heffingsadvies vir eenhede volgens finale lesing op dag van vervanging.

1.2.1.3 Lesing groter as -500: Toevoer na huis word afgeskakel. Stuur heffingsadvies uit vir vervanging van meter met split meter, eenhede en aanwendingsheffing.

1.2.2 As die bewoner self rapporteer, maar die meter is beskadig: Toevoer na huis word afgeskakel. Stuur heffingsadvies uit vir vervanging van meter met splitmeter, eenhede en aanwendingsheffing.

1.2.3 As die meter gedurende roetine inspeksie opgespoor word (bewoner rapporteur nie): Toevoer na huis word afgeskakel. Stuur heffingsadvies uit vir vervanging van meter met splitmeter, eenhede en aanwendingsheffing.

1.3 DAT KRAG AFGETAP WORD VOOR METER

Toevoer na die huis word afgeskakel. Stuur heffingsadvies uit vir eenhede/maande, aanwendingsheffing en herstelkoste van toevoerkabel en vervanging van meter met splitmeter.

2. NUWE INTREKKERS

As krag onwettig gebruik word en inwoner beweer dat hy pas ingetrek het en vorige inwoner die skade veroorsaak het, is optrede soos volg:

2.1 Privaat wonings

Tree op soos in punte 1.1 tot 1.3. Eienaar bly verantwoordelik vir koste, ongeag wie die skade veroorsaak het en krag bly af tot rekening vereffen is.

2.2 Munisipale huurhuise

2.2.1 Inwoner moet bewys lewer van datum van okkupasie deur kontrak met behuisingsafdeling te toon. Indien inwoner self binne een maand na okkupasie die fout rapporteer, vervang Raad die meter en skakel aan. Indien die inwoner langer as 'n maand na okkupasie rapporteer of meter tydens roetine inspeksie opgespoor word, hanteer in terme van punte 1.1 tot 1.3 hierbo.

2.2.2 As inwoner nie bewys kan lewer van okkupasie nie: Toevoer word afgeskakel en geval word opgeneem met Behuisingsafdeling.

2.2.3 As vermoed word dat die vorige inwoner die krag onwettig verbruik het, moet gepoog word om besonderhede van die vorige inwoner aan invorderingsafdeling te gee. Die persoon mag dalk nog in die dorp wees en ander munisipale dienste gebruik en daar kan gepoog word om die vervanging van die meter en die eenhede verbruik, te vorder.

3 BETALING

- 3.1 As die rekening vir bostaande gevalle betaal is, moet die meter met 'n splitmeter vervang word en die krag aangeskakel word.
- 3.2 Indien die rekening nie betaal word nie, bly die krag af tot betaling gedoen is.
- 3.3 Indien die bewoner as hulpbehoewend geregistreer is en nie die rekening kan betaal nie, moet die invorderingsafdeling die saak ondersoek en 'n aanbeveling oor verdere optrede aan die Elektro-Meganiese Dienste Komitee voorlê vir beslissing.

4. TWEEDE OORTREDINGS

Waar 'n tweede onwettige verbruik by dieselfde adres opgespoor word, word die krag afgeskakel. Die krag bly af en die saak word na die volgende Elektro-Meganiese Dienste Komitee verwys vir beslissing oor verdere optrede.

5. TERUGVOERING EN VERDERE OPTREDE

Die inspekteur doen gereeld verslag aan die Tegnikus en hulle bepaal verdere optrede in terme van die beleid en riglyne. Tegniese werk, soos die vervanging van meters, word met die Distribusie Afdeling opgevolg. Administratiewe werk, soos die opstel van heffingsadviese, moet gereeld opgevolg word om seker te maak dat dit uitgevoer is.

6. REKORDHOUDING

Die inspekteur moet noukeurige rekords hou van sy bevindinge, op 'n vorm wat vir die doel ontwerp is. Alle inligting moet op rekenaar verwerk word om vinnige naslaan en data verwerking te vergemaklik.

7. TOEGANG TOT DIE METER

Die meter is die eiendom van die Raad en die huiseienaar/bewoner moet die Raad toelaat om dit te inspekteer.

7.1 Indien toegang geweier word

Dien 'n skriftelike kennisgewing waarin die eienaar/bewoner versoek word om binne twee dae na lewering van die kennisgewing 'n afspraak met die Inspekteur te maak, vir inspeksie van die meter. Indien die afspraak nie gemaak of nagekom word nie en toegang steeds geweier word, beëindig die toevoer na die huis.

7.2 Indien die huis gesluit is en eienaar/bewoner nie tuis is nie

Dien 'n skriftelike kennisgewing waarin die eienaar/bewoner versoek word om binne twee weke 'n afspraak met die Inspekteur te maak vir inspeksie van die meter. Indien geen reaksie ontvang word nie, moet gepoog word om vas te stel waar die eienaar/bewoner is en seker gemaak word dat die kennisgewing die eienaar/bewoner bereik. Waar dit seker is dat die eienaar/bewoner die kennisgewing ontvang, maar dit ignoreer, beëindig die toevoer na die huis.

ROLLE:

Die Metering Afdeling van die Afdeling Elektriese Dienste

VERWANTE BELEID

Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.